


Khayanga en haar spesiale pot

Ursula Nafula
Afrikaans





Khayanga het baie gelukkig saam met haar ouers gebly, tot op die ouderdom van tien toe hulle oorlede is.

Khayanga was ingeneem deur Rosa, 'n verlangse familielid. Rosa was baie goed vir Khayanga maar sy was oud, swak en arm.





Khayanga het gereeld haar ouers se grafte gaan besoek en hulle vertel van haar swaarkry.

Eendag toe sy weer na haar ouers se grafte toe gegaan het, het sy 'n geskenk ontvang. Dit was 'n spesiale pot wat uit haar ouers se grafte verskyn het.





Die pot het 'n baie mooi en rustige liedjie gesing. Khayanga het die stem herken, dit was haar oorlede ma se stem. Die liedjie het so gegaan...

Khayanga, ee, Khayanga!

Ons kind, die geliefde een!

Jy is nie alleen nie, geliefde een!

Vat hierdie spesiale pot, geliefde een!

Vat dit orals saam waar jy gaan, geliefde een!

Laat dit jou troos ons geliefde kind!

Khayanga het haar spesiale pot orals saam haar gedra. Met die spesiale pot het Khayanga die teenwoordigheid en bewaring van haar ouers gevoel.





Eendag het iets vreesliks met haar spesiale pot gebeur. Die pot het gebreek toe sy water by die rivier gaan haal het. Khayanga se hart het ook gebreek.

Khayanga het die stukkies van die gebreekte pot in haar klein handjies vas gehou en gesing:



Mamma en Pappa,

Kyk die spesiale pot is gebreek

Die spesiale pot wat julle vir my gegee het.

Wat moet ek nou doen, Mamma en papa?

Wys my 'n teken asb...

Dat julle nogsteeds by my is



Khayanga het haar ma se stem gehoor wat vir haar sê: “Ons kind, tel die stukkies wat oor is op, gaan haal water met hulle en was jou voete. Wanneer jy klaar gewas het, maak jou oë toe.” Khayanga het haar gehoorsaam en eweskielik het die gebreekte pot weer heel geword.

Khayanga het die spesiale pot nogsteeds orals heen gedra. Orals waar sy gekom het, het mense vir mekaar gefluister, "Watter tipe pot is dit?" Met die spesiale pot het Khayanga alles gekry wat sy nodig gehad het.





Met die spesiale pot het Khayanga
geweet dat haar ouers vir haar kyk van
bo af. Niks slegs kom met Khayanga
gebeur het nie.

Khayanga en haar spesiale pot

Writer: Ursula Nafula

Illustration: Catherine Groenewald

Translated By: Bianca Faasen

Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014



This work is licensed under a Creative Commons Attribution
(CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide 
South African Institute
for Distance Education

www.africanstorybook.org
A Saide Initiative